

# 492 Want God is ons Beskermer




Want God is ons Beskermer,
wie sal teen ons kan stry?
Ons roep tot ons Ontfermer,
dan is sy hulp naby.
Is God vir ons, wat rede
het ons om bang te wees?
Sy goedertierenhede
verdrywe angs en vrees.

Op Christus bloed en wonde
is my geloof gebou.
Tot in my laaste stonde
sal ek daarop vertrou.
Is al my doen en strewe
well werd om op te noem?
Nee, Christus is my lewe,
my skat, my eer, my roem.

Sy Gees woon in die harte
van die wat by Hom bly,
verdryf hul sorg en smarte,
maak hul van kommer vry;
dat hul vrymoedig nader
tot God soos Hy hul leer.
Nou roep hul: “Abba, Vader!”
En: “Amen!” klink dit weer.

Ek ken niks hier op aarde
wat my kan skei van God:
Geen vrees vir spies en swaarde,
armoede, haat of spot.
Niks buiten Hom is heerlik,
niks stel my hart gerus,
niks is vir my begeerlik,
Hy is my hoogste lus.

Paul Gerhardt (1607-76) S.S. Wesley (1810-76)